# BEES-BULLETIN

DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Desember 2025

‘n Onlangse studie het gevind dat 2 % van Suid-Afrikaners vertroue het in die polisie! Regtig? So baie? In skrille kontras met die vertroue wat lede het in die keuringsisteem soos dit tans daar uitsien. Daar is selfs versoeke om die keuringspunt (soos deur die keurders toegeken), op die katalogus aan te dui.

Deur die jare het die fokus tydens keuring wegbeweeg van die uitwys van foute, na ‘n meer holistiese evaluasie van die dier as geheel. Wat reg is.

Hoe lyk die ideale Drakensbergerbees as hy/sy, funksioneel doeltreffend is? Veilige geboortegewig, bo-gemiddelde speengewig (pas-op), geselekteer teen te uitdagende raamtipes, vrugbaar en met onderhuidse vet. Dragtige, mollige moedertjies handhaaf hulleself met gemak deur die maer jare.

Die fokus op volgende jaar se keurdersopleiding, aangebied deur ons uitstekende senior keurders, sal wees om die kohesie tussen lede van die keuringspaneel, te bevorder. Om te weet hoe om te selekteer vir funksionele doeltreffendheid, om die goeie en minder goeie aspekte in konteks te sien.

Die Raad het dit goedgedunk om ‘n uiters kundige beoordelaar te betrek by die opleiding. Dit is die perfekte geleentheid om voorbereid op te daag by die opleiding en om met tevredenheid, met meer kennis en selfvertroue, uit te gaan om die Drakensberger te bevorder.

Is funksionaliteit miskien die BESTE EIENSKAP WAT ONS MOET GEBRUIK OM DIE RAS TE BEMARK?

Kalwers is daar baie van, verwagtinge is aan voldoen(ek hoop so ), bulle 'moet werk', asof hulle sal omgee.

Met die Kersseisoen om die draai, is Kersvader besig om dingetjies in plek te kry om met sy dik, vet ronde lyf in skoorstene vas te sit. Hy leer ook nooit!

Wees veilig, ry maar liewers stadig en in die dag, kyk rond, wees goed vir mekaar en vir die diere. Hê respek.

Voorspoedige Kersseisoen vir een en elkeen van julle. God is in beheer, weet dit en vertrou volkome op Hom.

Mooi loop

JF



# Met dank aan Jesumar, ons Desember-borg




## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Brief van die President | 1 |
| Borg: Jesumar | 2 |
| Nuusbrokkies | 3 |
| Vleisbeesseleksie Kursus | 4 |
| Gesels met Gerhard Maritz | 5 |
| Keurdersopknapping | 7 |
| Naspeense Groeitoetse... | 8 |
| Voerkraalinligting | 11 |
| Borge | 13 |
| Stoettelers | 14 |




# Nuusbrokkies

## Lief en Leed

Baie geluk aan almal wat in Desember verjaar:

- 3 Desember - Freddie Wasserfall
- 3 Desember - Franco Joubert
- 7 Desember - Johannes Vos
- 21 Desember - Petrus Taljaard
- 21 Desember - Xander Gunther
- 26 Desember - Dave Eden
- 31 Desember - Bertus Nel

**Deel asseblief jou nuus met ons!**
Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

## Kontak ons

(+27) 51 410 0974      071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
https://drakensbergers.co.za/

*Advertensies of menings uitgespreek in die nuusbrief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.*

## Klub-nuus

**NWDK**
Die Noordwes Drakensberger klub het onlangs hul nuwe bestuur verkies:
Voorsitter: Sampie Smith
Ondervoorsitter: Pieter Jan Pienaar
Sekretaresse / Finansies:
Nelmarie van Staden
Baie geluk, en seën vir die 2 jaar-termyn wat voorlê.

## KANTOOR GESLUIT

Die kantoor sluit op die 19de Desember en open weer die 5de Januarie 2026.



## SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

**Die BGP2-program se tweede rondte is aan die gang. Maak gebruik van hierdie toetse om die beste uit jou beeste na vore te bring. Die koste hiervoor is R448.00 + BTW. Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.**




## DAGBOEK DIT!

Die dagboeke en dagbeplanners vir 2026 is nou beskikbaar.
Kontak gerus die kantoor.

## VOLG ONS OP YOUTUBE

**Op ons YouTube-kanaal sal jy 'n verskeidenheid videos kry met raad en interessante inligting.**

**Gaan maak 'n draai by https://www.youtube.com/@drakensbergers/videos**



DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

# 2026 VLEISBEES SELEKSIE KURSUS

**Kom en geniet twee dae saam met die Drakensberger-ras.**

**12-13 FEBRUARIE 2026**

Plek: Potchefstroom
Kostes: R1500 per persoon
Navrae en besprekings:
Melissa Blom - 071 283 9943
Udo Beneke - 082 797 8088

# 2026 VLEISBEES SELEKSIE KURSUS

DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

## Program

**Donderdag, 12 Februarie 2026**

| | |
|---|---|
| 10:00 - 13:00 | Administrasie van vleisbeeste |
| | Standaard van voortreflikheid |
| | Afkeur en diskriminasie teorie |
| 13:00 - 14:00 | Middagete |
| 14:00 - 17:00 | Praktiese demonstrasie in kraal |

**Vrydag, 13 Februarie 2026**

| | |
|---|---|
| 09:00 - 11:00 | Teorie eksamen |
| 11:30 - 12:00 | Praktiese keuring opknapping |
| 12:00 - 13:30 | Praktiese keuring eksaminering |
| 13:30 | Middagete |

**R1500 per persoon (middagetes en opleidingsmateriaal ingesluit). Akkommodasie is nie ingesluit nie. Lys van gastehuise is op aanvraag beskikbaar. Vir enige navrae, kontak gerus vir Melissa: 071 283 9943 of drakensberger@studbook.co.za**



# Gesels saam met Gerhard Maritz



My boerdery het in 1974 in die Griekwastad-omgewing begin, skape, beeste en bokke. Daar het ‘n ander man, Bert Venter, in my omgewing geboer, wat sy tyd, vir die gemiddelde veeboer, ver vooruit was, vir daardie area, wat betref rekordhouding.

Bert het geweet wat sy melkkoei, ‘n Jersey, se vleisproduksie sowel as melkproduksie was, asook die TKP van sy melkkoei. Bert het boeredae en vleisbeesdae oor die hele land S.A. bygewoon en van al die rasse. Hy het verskillende rasse na sy plaas gebring en sy eie toetse in daardie omgewing gedoen. En altyd het hy hoë-kwaliteit beeste uit die rasse gebruik. Iewers in 1996 het hy vir my gesê “Ou Gerhard, daar is net een bees waarmee ons in ons omstandighede kan boer, en dit is ‘n Drakensberger”.

Ek het met Brahmane geboer, my beesboerdery, en het toe in 1998 twee bulle, Drakensberger, gaan koop in die omgewing van Reivilo, ek dink dit was ‘n oom Wydeman. Die resultaat was ongelooflik goed en ek het nie weer terug gekyk nie. En so het die beeste saam met my getrek na Namibië.

Die Brahman/Drakensberg kruisings was gewild op veilings en ‘n man wat ons geken het in die omgewing het die speenkalwers graag gekoop en vir my gesê die ore hou nooit op groei nie.

In 2008 was die bulle 13 jaar oud en opgebruik. Goeie bulle van ander rasse het in daardie tyd so om en by R18 000 geprys op bulveilings. Ek

het iewers gelees van Dr Hannes Dreyer se aanbevelings oor veldbulle, hom gekontak en so by Rodney Neuman se veiling opgedaag in 2008, met ‘n begroting van R80 000. My seun het op daardie stadium ook sy eie boerdery bedryf en vir my gesê hy soek ook ‘n bul maar nie meer as R18 000 nie.

Ek het toe die dag voor die veiling op Rodney se plaas gaan kyk na die bulle en 4 bulle gemerk. Die eerste bul wat op veiling gekom het, was die een wat ek vir my seun gemerk het, en die gaan toe vir R32 000, wat ek nie kon betaal nie. Die volgende bul wat ek gemerk het gaan toe vir R62 000!! Ek besef toe dat ek nie die bul sal kan koop wat ek van hou nie. Net daar besluit ek toe om dan ‘n stoet te begin en my eie bulle te teel.

By die veiling hoor ek van die 6+Plus telers in die omgewing van Bultfontein en ek besoek van die telers op my pad terug. Ek hou van die beeste, baie eenvormig en ‘n maand later gaan koop ek 16 koeie en ‘n bul op die veiling (jaarlikse gesamentlike veiling). Mettertyd het ek van nog twee telers ‘n paar koeie gekoop. Die volgende twee jaar koop ek weer daar koeie en verse op die veiling en nog twee stoetbulle, onder andere een wat ‘n Reurnan-teling was en op die Nasionale Veiling ‘n vers met een kalf, ‘n versie.

Daardie tyd met die derde en vierde aankoop was die grense toe vir uitvoer van S.A. na Namibië as gevolg van bek-en-klou in S.A. Vir twee jaar loop die 2 groepe van my aankope op huurveld in die Kalahari langs die Gemsbokpark in S.A. Veld was redelik maar die winter was ‘n riller, sout en loog en nog dinge wat die aanpassing baie moeilik gemaak het. Tog het die koeie aanhou produseer en die bulle het amper onherkenbaar maer geword met ‘n geweldige skok op die diere as gevolg van die slegte water. Na twee jaar het die grens oopgegaan en kon die beeste “Huistoe kom”. Daarna kon ek nooit weer ‘n bul inbring nie. Daar het top kalwers aangekom en ek kon selekteer vir goeie bulle. Die verskillende bloedlyne van verskillende telers wat ons aangekoop het, is ons redding wat betref nuwe bloed want ons kan nog nie weer ‘n bul inbring nie. Met self geteelde bulle kon ons tot vandag die stoet opbou en ietwat verbeter. Vandag begin ons met ‘n keuring wat na ‘n aantal baie moeilike jare gedoen word. Die beeste was as gevolg van droogte soms 4 troppe op verskillende huurplase in Namibië, ons keuring vind vandag en more op 4 verskillende plekke plaas, darem nie verder as 120km uit mekaar nie.

Bulle verkoop nie goed in Namibië nie. Daar is ‘n Duitse boer in Summerdown wat oor tyd al 12 bulle gekoop het en in daardie hoofsaaklik ‘n beesboerdery-area, wen hy die speenkalf pryse vir verskalwers en bulkalwers (tollies). So ook ‘n man in die weste van Namibië. Hy boer in Betanië, Warmbad en Grunau-omgewing, wat ‘n baie lae drakrag het en baie droë, amper woestyntoestande, het.

So, daar is nie fout met die beeste nie, die fout is by die mens, wat nie wil sien en nie wil hoor nie. Ek dink met die regte bemarking is daar ‘n wye veld oop in Namibië. As die beeste op my grond wat in ‘n area van 1 bees per 30 hektaar so presteer sonder byvoeding, wat sal gebeur as hulle in hoër reënval gebied kan loop!!

Groete, Gerhard Maritz en gesin


## *Unistel DNA-toetse*

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

| Unistel DNA toetse | Koste per dier vir profiel (BTW ingesluit) |
|---|---|
| Normale prys vir 2025 < 30 | R 269.10 |
| Meer as 30 (-5% afslag) | R 255.65 |
| Meer as 60 (-7.5% afslag) | R 248.92 |
| Meer as 120 (-10% afslag) | R 242.19 |

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.




DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

# 2026 KEURDERS-OPKNAPPING

Gryshoek



**Datum:** 22 Januarie 2026
**Tyd:** 09:00
**Plek:** Gryshoek
**RSVP teen:** 10 Januarie 2026

**Navrae en besprekings:**
Melissa Blom - 071 283 9943

DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

2026 KEURDERS-OPKNAPPING

Gryshoek

## Program

**21 Januarie 2026**
*Volksrust Battlefields Lodge*

| | |
|---|---|
| 09:00 – 13:00 | Raadsvergadering |
| 14:00 – 14:30 | Spesiale AJV |
| 14:30 – 17:30 | Toerleiers & senior keurdersvergadering |
| 18:00 | Braai-geleentheid |

**22 Januarie 2026**

| | |
|---|---|
| 07:00 | Buffet ontbyt (R100.00pp) (*Volksrust Battlefields Lodge*) |
| 09:00 | Keurders opknapping (*Plaas Gryshoek* - Pikkie Uys) |



# NASPEENSE GROEITOETSE VIR VLEISRASBULLE

*Dr Helena Theron & Siebert Vermeulen*

*Daar word bereken dat die effek op wins deur 'n 5% verbetering in voerdoeltreffendheid vier keer meer is as 'n 5% verbetering in groei (GDT). Aangesien voerkostes tot twee derdes van die kostes van vleisbeesboerdery kan uitmaak, maak dit sin om voerdoeltreffendheid te verbeter. Dit geld nie net vir diere in voerkrale nie, maar ook vir die koeikudde op die plaas, waar meer as 70% van voer gebruik word net om die koeie te onderhou.*

In alle rasse is daar genetiese variasie in voerdoeltreffendheid, met ander woorde daar is diere wat geneties gerat is om hoër groei met laer innames te kry. Die uitdaging is dus om geneties uitstaande diere, veral bulle, korrek te identifiseer en hulle genetika deur die ras te versprei. Inname op die veld, veral van produserende koeie, is baie moeilik om akkuraat te meet. Groei en voerinname word dus tydens groeitoetse van jong bulle gemeet. Hierdie inligting word dan tydens genetiese evaluasie saam met verwantes se metings gebruik om teelwaardes te beraam. Daar is basies twee tipes groeitoetse om groeidoeltreffendheid te meet, naamlik Plaasgroeitoetse (ou Fase D), waar bulle gewoonlik ekstensief op die veld getoets word, en Voerinname Groeitoetse (voorheen Fase C genoem), waar bulle by 'n sentrale toetssentrum met 'n gestandardiseerde groei rantsoen gevoer word. In Voerinname Groeitoetse word elke bul se inname individueel gemeet, wat dit moontlik maak om voerdoeltreffendheid meer akkuraat te meet. By alle toetse word ook ander eienskappe soos skrotumomvang en liggaamsmates geneem. Karkaseienskappe word op die lewendige dier met RTU skandering gemeet.



*FIGUUR 1: Bulle in 'n sirkelvormige drukgang*

## GROEITOETSE

PLAASGROEITOETSE se doel is om die genetiese potensiaal vir groeidoeltreffendheid van vleisrasbulle so akkuraat as moontlik onder plaastoestande te bepaal. Dis belangrik om te weet dat die doel nie is om mak-



simum groei na te jaag nie, net om genetiese verskille in groeipotensiaal uit te wys.

Hierdie toetse word onder plaastoestande gedoen onder een of meer van die volgende voedingstoestande:

- Ekstensief – veld met ‘n lek
- Semi-ekstensief – veld of aangeplante weiding met aanvulling
- Semi-intensief – genoegsame kragvoer met baie ruvoer in ‘n groter kampie
- Intensief – kragvoer (groei-rantsoen) in ‘n kraal of beperkte ruimte.

VOERINNAME GROEITOETSE se doel is om die genetiese potensiaal vir groei en voerdoeltreffendheid van vleisrasbulle so akkuraat as moontlik onder gereguleerde voedingstoestande te bepaal. Akkurate bepaling van voerdoeltreffendheid vereis dat individuele voerinname, sowel as groei, van potensiële teelbulle gemeet word. Die meting van individuele voerinname vereis gespesialiseerde apparaat en word by verskeie geakkrediteerde toetsstasies gemeet. Voerkrale betaal reeds voorkeur tariewe aan telers met meer winsgewende kalwers.

Indien halfbroers en ander familie byvoorbeeld in ‘n voerinname groeitoets sowel as ‘n plaasgroeitoets gemeet word, kan genetiese vermoë vir eienskappe soos voeromset bepaal word weens die genetiese korrelasies tussen eienskappe, maar veral deur die genetiese bande (‘genetic ties’) wat daar tussen diere bestaan omdat hulle verwant is aan mekaar. Die verwantskappe kan ook deurgetrek word na die koeie, sodat genetiese vermoë in die vorm van teelwaardes vir eienskappe waarvoor hulle nie gemeet is nie, bepaal kan word. Met die koms van genomies verrykte teelwaardes, word die genetiese voorspellings se akkuraatheid verder verhoog.

## VEREISTES VIR DIERE OM GETOETS TE WORD

Diere van Stamboek rasse wat aan groeitoetse deelneem, moet op Logix aangeteken wees en die nageslag van geregistreerde bulle wees. Vir sinvolle vergelykings tydens teelwaarde beraming, moet daar altyd nageslag van minstens 2 verskillende bulle gelyktydig in dieselfde toets wees.

PLAASGROEITOETSE: Minstens 10 diere van een of meer kuddes van dieselfde ras moet die toets voltooi, wat groot kontemporêre groepe vir akkurater teelwaardes verseker. Vergelykbare diere wat jonger as 14 maande is en minder as 100 dae in ouderdom verskil, verseker dat genetiese verskille tussen bulle maklik uitgewys word. Daar is ook maksimum gewigsgrense volgens ras.

Vir VOERINNAME GROEITOETSE is die kontemporêre groepe kleiner – minstens 3 diere (maar verkieslik meer) van dieselfde ras wat die nageslag van minstens 2 geregistreerde bulle is, moet saam getoets word indien teelwaardes verlang word. Vergelykbare diere tussen 5-9 maande oud, wat minder as 100 dae in ouderdom en minder as 50kg in gewig verskil, word saam getoets. Bul- en verskalwers word aanvaar, omdat sommige telers graag voerdoeltreffendheid op hulle hele kudde wil meet, ingesluit verse. Verse word apart van bulkalwers getoets. Toets minstens 10 verse van so 5 tot 10 maande ouderdom saam, maar verkieslik die hele speengroep. Verse lê vroeër vet neer as bulkalwers, daarom ontvang hulle ‘n ander rantsoen en is die toets net 56 dae lank, teenoor 84 dae vir bulkalwers.

## VERLOOP VAN GROEITOETSE

Voor ‘n groeitoets is daar ‘n aanpassingsperiode van 1 tot 3 maande waarin diere geleidelik dieselfde rantsoen as gedurende die toets gevoer word, om te verseker dat rumen mikrobes die gewenste populasies vir die gegewe rantsoen ontwikkel het. Groeitoetse begin eers as die bulle gewig begin optel.

Die standaard toetslengte vir inname-groeitoetse is 84 dae vir bulle en 56 dae vir verse, en diere word elke week geweeg. Die gemiddelde voeromsetverhouding (ongeveer 5 tot 6) en gemiddelde daaglikse toename (1.6-1.8 kg /dag) van die getoetste groep moet ooreenstem met rasgemiddeld.



Die plaasgroeitoets duur tussen 84 en 270 dae (± 3 tot 9 maande) en diere word elke twee tot vier weke geweeg. ‘n Gemiddelde minimum toename van 90 tot 130 kg en ‘n minimum groeitempo van tussen 400 en 600 g/dag, afhangend van ras, word tydens die toetstydperk vereis.

SA Stamboek se tegniese adviseur (of verteenwoordiger), sluit die toets af. Die meting van gewig, skrotumomvang, skouer- of heuphoogte en liggaamslengte is verpligtend, terwyl die meting van ultrasoniese (RTU) mates en veldikte vrywillig is. Die trek van sterthare vir genomiese toetsing is ook opsioneel. Werklike en gekorrigeerde liggaamsmates en gekorrigeerde skrotumomvang, asook GDT (Gemiddelde Daaglikse Toename of groei oor toets), GDO (groei per dag van ouderdom) word in eenheid van meting sowel as ‘n indeks uitgedruk binne die kontemporêre groep. Die inligting word gebruik by keuring van die bulle. VOV (Voeromset verhouding) is slegs beskikbaar by voerinname groeitoetse en meet die hoeveelheid voer gevreet vir elke kg gewig wat die dier opgetel het. Teelwaardes vir ander groeidoeltreffendheid parameters soos RFI (Residual Feed Intake), RIG (Residual Intake & gain) en RFU (Residual Feed Utilization) word ook beraam en is beskikbaar op www.SABeefBulls.com. RFI is die afwyking in voerinname van die dier vanaf die verwagte inname.

‘n Groeitoets is amptelik as die toetsprosedure gehandhaaf is en die groeitoets evaluasie statisties aanvaarbaar is. Die SA Stamboek Adviseur (of verteenwoordiger) verwerk die toetsresultate, wat na afloop van die toets aan die deelnemer(s) beskikbaar gestel word en op die Logix Vleisbeesstelsel geplaas word sodat verslae uitgereik kan word. Die aangetekende data word in genetiese evaluasies ingesluit, indien die ras genetiese evaluasies deur SA Stamboek ontvang.



*FIGUUR 2: Bulle wat ‘n voerinname groeitoets suksesvol voltooi het, word gebrand met ‘n goedgekeurde Stamboek brand, indien verkies. Al die bulle word dieselfde gebrand, maw geen merietes word toegeken nie.*
*Die Stamboek brandmerk word gebruik saam met ‘n letter / syfer van die stasie waar die bul getoets is, aan die bo-kant, bv S vir Sernick, B vir Buffland, ens.*

## BESTUUR VAN GROEITOETSE

Die bultoetsevaluasie word streng volgens ICAR (International Committee for Animal Recording) riglyne bestuur. Die toetsprosedure, voeding en bestuur, word deeglik vooraf beplan in samewerking met die SA Stamboek Tegniese Adviseur. SA Stamboek hou dus toesig oor die toetsprosedure, stel resultate vry en gee ook amptelike erkenning aan die toets. Toegang tot skoon drinkwater, ‘n kopklamp, drukgang met betonvloer en betroubare akkurate beesskaal vir weging en die neem van liggaams- en ander mates of metings, word benodig.

Vir ultrasoniese skandering (RTU), moet daar betroubare en stabiele enkelfase kragtoevoer beskikbaar wees en werkgeriewe moet verkieslik onder dak en stofvry wees.

Voerinname groeitoetse word by geakkrediteerde toetssentrums gedoen. Hier is voer en voerstasies beskut en onder dak. ‘n Betroubare rugsteun sisteem en addisionele kragvoorsiening, wat sal verseker dat voer en water deurlopend voorsien word en metings van voerinname deurgaans plaasvind, is noodsaaklik.

*Die volledige vereistes en dokumentasie is beskikbaar op SA Stamboek webwerf by www.sastudbook.co.za. Kontak ook gerus u naaste Tegniese Adviseur vir meer inligting indien u bulle wil laat toets*



# Voerkraalkontaknommers

Hier is ‘n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of ‘n tweede mening of prys.

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | |
| Brandfort | Fanie van Dyk (Raadslid)<br>082 774 4952 | Johan Botha -<br>082 856 4409 - Karan |
| Vrede | Rodney Neuman | Arend Munnick -<br>071 540 9913 - Verskeie voerkrale |
| Ficksburg | Henk Delport (Raadslid)<br>083 300 1131 | Thys Fourie -<br>083 225 4146 -Beefmaster |
| Welkom | Christo Nel | Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker |
| Kroonstad | Gawie Roux | Michael Bezuidenhout - 073 370 7291 |
| Harrismith | Jakob Tsabalala<br>083 974 9706 | |
| Koppies | | Pierre Boutser -<br>082 499 7997 |
| Bethlehem | | Dano van Zyl -<br>083 385 8285 - Vleissentraal bemarker |
| **MPUMALANGA** | | |
| Volksrust | Pikkie Uys (Raadslid)<br>082 857 5022 | Arnold Durr –<br>082 902 3916 - Karan |
| Ermelo/Middel-burg | Petrus Taljaard (Raadslid)<br>082 493 4137 | Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan<br>David Harris 082 573 7979 – Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd |

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **MPUMALANGA (vervolg)** | | |
| Amersfoort | | Sakkie Fourie -<br>082 802 2125 - Verskeie voerkrale |
| Standerton | | Pieter Swanepoel – 083 440 1423 - Chalmar en ander<br>Carel Davel - 082 331 1811 - BKB<br>PM Swart - 083 948 3345 - OVK<br>Gert du Preez - 082 449 5263 |
| **KWAZULU-NATAL** | | |
| Luneburg | Udo Beneke (Raadslid)<br>082 797 8088 | |
| **NAMIBIË** | | |
| Aroab | Gerrit Maritz | |
| Gobabis | | Piet de Wit,<br>+264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker |
| **NOORD-KAAP** | | |
| Klerksdorp/Tosca | Johann Fourie (Raadslid)<br>082 772 7716 | |
| Kuruman | Bossie Rens | |
| Kuruman | Werner Vermeulen | Freddie Markam – 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman |
| Danielskuil | Franco Joubert | |
| Deben | Werner Vermeulen | |
| Zeerust | | Coenraad Boshoff -<br>078 950 5876 |



# Voerkraalkontaknommers
(vervolg)

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| | **NOORDWES** | |
| Potchefstroom | Willie Landman (Raadslid)<br>083 257 8511 | |
| Louwna | Stuart Collen | |
| | **GAUTENG** | |
| Potchefstroom | Jean vd Merwe (Raadslid)<br>082 719 7521 | |
| Derby | Charlie van Schalkwyk | Barco van Niekerk -<br>072 384 9057 – Aankoper & afslaer<br>Theo Coetzee -<br>082 600 8374 |
| | **KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP** | |
| Zastron | Liesel Foster (Raadslid)<br>082 373 2427 | |
| Suid-Vrystaat & Oos-Kaap | | Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef<br>Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust<br>Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal |

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.



## PLATINUM

Voermol

GALLAGHER

## GOUD

Swift VEE

## SILWER

MOLATEK

## BRONS

LIONEL'S VETERINARY SUPPLIES

BONHEIM DRAKENSBERGER

VLEISSENTRAAL

unistel Medical Laboratories

Virbac

HOOF TRIMMING DairySmid

# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!



**BLACK FOX** BF
KLERKSDORP
Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

**BLACK HILLS** BH
POTCHEFSTROOM
Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
082 719 7521
jean@blackhills.co.za

**BLOUBOSPUT** FK
KOOPMANSFONTEIN
Francois Weideman
082 948 2161
bloubosput@gmail.com

**BLYDE** DBB
SOUTHDOWNS ESTATE
Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

**BOLLIE** SS
PAULPIETERSBURG
Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

**BONHEIM** BO
VLAKDRIF
Nelmarie van Staden
082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.com

**BRAKENJAN** FD
BRANDFORT
Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

**BUFFALO VALLEY** BV
CAROLINA
Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

**CALELA** JJ
ERMELO
Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

**CETONA** C
KLERKSDORP
PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

**DELRAM** D
FICKSBURG
Henk Delport
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

**DRAKENKRAAL** DK
PARYS
Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

**DRIE D** XWX
BARKLY-OOS
Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

**D'HOFSTEE** AAD
HEIDELBERG
Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

**FERAX** RG
BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

**FRELON** F
VREDE
Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**GRASMUNT** CL
BRANDFORT
Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

**GROENVLEI DRAKENSBERGER STOET** G
PRETORIA
Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

**GRYSHOEK** PU
VOLKSRUST
Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

**GUNNER DRAKENSBERGERS**
LEANDRA
Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

**HAASKRAAL** VN
RICHMOND
Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

**HANSEL** HAS
PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

**HENDRIK HANCKE** HP
BETHAL
Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

**HORMAN DRAKENSBERGERS** CH
BETHAL
Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

**HUGHDALE** SL
NOUPOORT
SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

**HYMGERT** HN
VREDE
Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za



**INFRACOR** IR
PRETORIA
Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za

**JESUMAR** LL
DEWETSDORP
Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com

**M & M BOERDERY** MM
BETHAL
MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za

**MAMBANE** BJ
VREDE
Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com

**MOBAZA** BZ
CENTURION
Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com

**NADAU** JR
HANOVER
Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com

**NEBA** NB
VERKYKERSKOP
Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com

**NEUSBERG DRAKENSBERGERS** NBD
MIDDELBURG
Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za

**NITIQUE** NY
HANOVER
Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com

**PALMIETFONTEIN** JP
BETHAL
JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com

**PATRYSVLUG** PV
EXCELSIOR
Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com

**QUAGGAFONTEIN** QH
ZASTRON
Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com

**RAKA** JDE
CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com

**RIETKOL** R
KRUGERSDORP
Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com

**ROUVUS** GR
VENTERSBURG
Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com

**SABRIELIE** JE
BLOEMFONTEIN
Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com

**SALOME** NW
VOLKSRUST
Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com

**SAMBESI** SK
KLERKSDORP
Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com

**SSENDRA** TD
KOPPIES
JP Theunissen 079 417 2639
jptheunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za

**TALMAN** T
ERMELO
Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com

**TURFKUIL** MF
BULTFONTEIN
Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com

**VAN DYK DRAKENSBERGERS** VD
MIDDELBURG
Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com

**VERLAND** VL
AROAB, NAMIBIË
Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na

**WALDBERG** U
LUNEBURG
Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com

## BLY OP HOOGTE

Bly op hoogte van al die Drakensbergernuus – word deel van ons kommunikasiekanaal: Stuur 'n **WhatsApp** na: https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1
OF **Telegram**: https://t.me/DrakensbergerSA

